KZN Departement van Onderwys

Greenbury Sekondêre Skool

Maart Beheerde Toets--- 2018

Leesbegrip, Opsomming en Taal

Graad: 12

Punte: 40

Datum: 15 Maart 2018

Tydsuur: 1 uur

Eksaminatrise: S.Sukhnanan

Moderatrise: A. Ramnath

Naam van Leerling:-----------------------------------------------------------

Hierdie Vraestel bestaan uit---6---- bladsye

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**


1. Hierdie Vraestel bestaan uit **DRIE AFDELINGS**
   - AFDELING A--- LEESBEGRIP---- 10 PUNTE
   - AFDELING B--- OPSOMMING---- 10 PUNTE
   - AFDELING C--- TAAL---------------20 PUNTE
2. BEANTWOORD **AL** DIE VRAE
3. NOMMER ELKE ANTWOORD PRESIES SOOS DIE VRAE GENOMMER IS.
4. BEGIN ELKE VRAAG OP 'n NUWE BLADSY
5. SKRYF NETJIES EN DUIDELIK
6. SKRYF DIE VOORLETTERS VAN JOU ONDERWYSER/ ESSE – SRP, SSU , ARA, SRE, PS, PR.

**AFDELING A---LEESBEGRIP**

**TEKS--- SENSUS**

**VRAAG 1---BESTUDEER DIE STATISTIEKE HIERONDER EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT VOLG.**


## BEHUISING




| FORMEEL | INFORMEEL | TRADISIONEEL | ANDER |
|---|---|---|---|
| 77,6% | 13,6% | 7,9% | 0,9% |

## ELEKTRISITEIT

Die toename in die persentasie huishoudings wat elektrisiteit gebruik




## WATER




| 73,4% Soveel mense het lopende water uit krane in hulle wonings. | 17,9% Soveel mense moet water by krane buite hulle wonings gaan haal. | 8,8% Soveel mense het geen toegang tot lopende water uit krane nie. |
|---|---|---|

Daar is **1,2 miljoen** huise landwyd sonder toegang tot lopende water.

## WERKLOOSHEID

NASIONAAL
29,8%




48,6%
Werkloos

17,4%
Werkloos

PROVINSIAAL

LIMPOPO
38,9%
Hoogste

WES-KAAP
21,6%
Laagste

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 15 November 2012]

**VRAE**

1.1 Waaroor gaan die teks? Haal **VIER APARTE WOORDE** aan. (4)

1.2 In watter soort huise woon die meeste Suid- Afrikaners? (1)

1.3 Hoeveel persent **MEER** huishoudings gebruik elektrisiteit van 2001 en 2011. Wys hoe jy die antwoord uitgwerk het? (1)

1.4 Sê hoekom die volgende stelling **ONWAAR** is.Haal aan om jou antwoord te motiveer.

Almal het toegang tot lopende water in SA. (1)

1.5 Wat is die landwyd persentasie van werkloosheid in SA? (1)

1.6 In jou opinie , is'n visuele teks makliker om te lees as'n geskrewe (woorde) teks? Gee'n rede vir jou antwoord? (1)

1.7 In watter tydskrif het hierdie sensus verskyn? (1)

**[10]**

AFDELING B: OPSOMMING 

VRAAG 2

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

INSTRUKSIES

1. Som die SEWE maniere om 'n goedkoop vakansie moontlik te maak, in jou eie sinne op.
2. Skryf die maniere PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die maniere van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**HOE OM 'N GOEDKOOP VAKANSIE MOONTLIK TE MAAK!**

'n Vakansie is wonderlik vir jou gesondheid en jou gees, maar dit is nie vir almal moontlik om 'n vakansie te bekostig nie. Hier volg sewe maniere om 'n goedkoop vakansie moontlik te maak.

Jy moet eers die koste van die vakansie bereken. Hierdie koste behoort vervoer, sakgeld, kos en blyplek in te sluit. Daarna kan jy begin om sekere opofferinge te maak om geld te spaar. Jy kan byvoorbeeld minder cappuccino's per week drink. As jy twee cappuccino's minder per week drink, bespaar jy R40. Dit is in totaal ongeveer R2 000 wat jy per jaar spaar!

Tydens die Desember- en Paasvakansie is vakansieoorde stampvol en die pryse is hoog. As dit moontlik is, gaan liewers wanneer dit stiller is, want dan is alles goedkoper.

Het jy geweet dat sekere dinge heeltemal gratis is? Jy kan byvoorbeeld gratis by Tafelberg opgaan as dit jou verjaarsdag is en alle Suid-Afrikaanse Nasionale Parke gee jaarliks 'n week gratis toegang aan Suid-Afrikaners. Soek dus na gratis geleenthede.

As jy nie duur hotelle kan bekostig nie, kan jy kampeer. Daar is baie goedkoop plekke orals in Suid-Afrika waar 'n mens kan kampeer. As jy hierdie opsie kies, kan jy jou eie kamptoerusting koop. Dan het jy dit as jy die volgende keer weer wil gaan kampeer.

Daar is baie webtuistes wat goeie idees het vir goedkoper vakansies soos die ruil van huise. Dit sal die koste van 'n hotel uitskakel. Gebruik die Internet om winskopies te soek.


Met hierdie raad hoef jy nie net oor 'n vakansie te droom nie!

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 20 November 2014]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C---TAAL

**VRAAG 3--- BESTUDEER DIE VOLGENDE STROKIES PRENT EN BEANTWOORD DAN DIE VRAE WAT VOLG.**




[Uit: *Beeld*, 15 November 2012]

3.1 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die antwoord neer.
In **RAAMPIE 1** Honi , Helga se dogter se gesigsuitdrukking wys dat sy (kwaad / verbaas) is. (1)

3.2 Skryf die volgende sin oor in die **VERLEDE TYD.**
Honi staan en kyk vir haar Ma. (1)

3.3 Voltooi die **VASTE UITDRUKKING**.

Helga is siek en ________ om daagliks te werk. (1)

3.4 Skryf die volgende sin oor in die **INDIREKTE REDE.**
Honi sê : "Ek wil nie so hard werk nie." (1)

3.5 Kyk na **RAAMPIE 2.** Hoe weet ons dat die klere op die wasgoeddraad nie droog is nie? (1)

3.6 Skryf die volgende sin oor in die **ONTKENNENDE VORM**.
Helga moet nog die huis skoonmaak. (1)

3.7 Skryf die volgende sin oor en gebruiik " **behoort**'.
Kinders moet ook hulle ouers help.
Kinders behoort….. (1)

3.8 Gee die **ANTONIEM** van die woord tussen hakies.
Kinders wat ( gehoorsaam ) is, maak hulle ouers ongelukkig. (1)

3.9 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.
Helga voel baie teleurgesteld. Hagar, haar man, help nooit met die huiswerk nie. (aangesien) (1)

3.10 Gee die **MEERVOUD** van die woord tussen hakies.
Die (wasbak ) is vol nat klere. (1)

3.11 Kies die korrekte **HOMOFOON** tussen hakies.
Baie mense voel dat Helga se dogter baie (lui / lei / ly) is. (1)

3.12 Vorm n **SAMESTELLING** van die woorde tussen hakies.
Gelukkig het Helga nie (kind + klere) om te was nie. (1)

3.13 Skryf die volgende sin oor in die **BEDRYWENDE VORM.**
Die huiswerk is deur die ander lede van die gesin gedoen. (1)

3.14 Gee die **AFKORTING** van die woord tussen hakies.
Honi pleit met haar Ma om (asseblief) nie so hard te werk nie. (1)

3.15 Rangskik die volgende sin oor in die korrekte **WOORDORDE.**
Hagar ( om hulle te verower / maak / met ander lande / oorlog). (1)

3.16 Skryf die volgende sin oor in die **TOEKOMENDE TYD.**
Ons kan almal saamwerk om die huistake te doen. (1)

3.17 Skryf die volgende sin oor in die **LYDENDE VORM.**
Helga het daagliks die klere gewas. (2)

3.18 Skryf die volgende sin oor in die **DIREKTE REDE.**
Helga sê vir Honi dat sy slim moet wees. (2)

**[20]**

**GROOTTOTAAL: 40**

HOD - LANGUAGES
S.R. PANDAY